# KLEIN KOKKEDOOR (A) (Junior Kok)

## Graad 1

Praktiese vaardighede

5 ure

## Doel

Die doel is om die Penkop en Drawwertjie:

- te help om basiese kombuisvaardighede aan te leer om met selfvertroue vir hom-/haarself iets voor te berei om te eet.
- basiese tafeletiket aan te leer.
- bewus te maak van veiligheid in die kombuis.

## Spesialisasievereistes

Om hierdie kenteken te verwerf, moet die Penkop of Drawwertjie die onderstaande vereistes nakom en volledig afhandel:

1. Verstaan waarom en hoe om higiënies in die kombuis te werk met kos en dit deurlopend prakties toepas.
2. Elkeen van die volgende kombuisapparate identifiseer en met die nodige vaardigheid korrek en veilig hanteer:
   - Broodrooster: bv. roosterbrood
   - Mikrogolfoond: bv. kaas smelt op broodjie, malvalekker op ’n mariekoekie
   - Stoof: bv. roereier of plaatkoekie in ’n pan; springmielies of ’n gekookte eier in ’n pot
   - Ketel: bv. warmsjokolade, tee, koffie
3. ’n Kans kry om elkeen van die volgende tegnieke te oefen:
   - Skil met ’n groenteskiller: bv. wortels, komkommer
   - Sny met ’n groentemes: bv. sagte vrugte vir vrugteslaai
   - Rasper: bv. kaas, wortelslaai
   - Smeer met tafelmes: bv. botter, kolwyntjies of mariekoekies versier
   - Koekroller: bv. kakao-mariekoekieballetjies (krummel die beskuitjies), deeg uitrol en met koekiedrukker vorms uitdruk
   - Blikoopmaker: ’n blikkie met ’n blikoopmaker oopsny
   - Handklitser: bv. klits ’n eier om roereier te maak

## Spesialisasievereistes

4. Etenstyd:
   - Dek ’n tafel vir ete.
   - Vou ’n papierservet.
   - Ten minste vyf goeie tafelmaniere/etiketreëls kan opnoem en dit tydens ete toepas.
   - Verstaan en kan verduidelik waarom gebid word voor jy begin eet en saam aan tafel na ’n tafelgebed luister voor ete.
   - Weet hoe om eetgerei korrek te hanteer en dit tydens ete toepas.

5. Teetyd:

   Dek ’n skinkbord met ’n skinkbordlappie, teekoppies, pierings, teelepels, melkbekertjie en suikerpot met lepel. Weet wat die nut van die skinkbordlappie op die skinkbord is. Oefen om melk en suiker in ’n teekoppie te gooi en dit dan te neem terwyl iemand dit op ’n skinkbord vir jou aanbied. Oefen ook om ’n skinkbord vir iemand anders te hou.

6. Die kombuis weer opruim, skoonmaak, skottelgoed was en die voorraad wegpak. Aandag moet gegee word aan die korrekte skoonmaak van die verskillende toerusting wat gebruik is.

7. Weet hoe om ’n ligte snywond te behandel en die eerste vers van die noodhulpliedjie in ’n groep saam kan sing.

## Aanbieding

Vereiste 1. Hierdie spesialisasie moet binne-in ’n geskikte, groot genoeg kombuis aangebied word en nie in ’n kampopset nie. Sjefpapierhoedjies laat die kinders sommer voel soos kokkedoortjies! Eenvoudige voorskote kan vir kinders voorberei word wat hulle kan verf indien verkies. Jeuglede kan ook hul eie voorskote saambring. Sorg vir ’n volledige saambringlysie van benodigdhede. Sorg vir heelwat ekstra volwasse toesig en hulp met die voorbereiding en maak van die kos. Waak teen ’n onhanteerbare groot groep.

Vereiste 2 en 3. Maak die jeuglede deurentyd bewus van die korrekte Afrikaanse name en gebruike van kombuisapparaat/-toerusting/-gereedskap, bv. pot, pan, eierspaan, houtlepel, klitser, eetlepel, teelepel, koekroller, snybord, broodbord, broodmes, groentemes, tafelmes, vurk, koekvurkie, koffiebeker, teekoppie, piering, suikerpot, melkbeker, poedingbakkie, mengbak.

Vereiste 2 en 3. Elke jeuglid moet al die geregte maak. Dit is nie ’n spanpoging nie. Gee duidelike instruksies en maak seker almal verstaan voor hulle begin.

Vereiste 3. Indien daar nie beplan word om die inhoud van die blikkies te gebruik wat die kinders oopsny nie, kan die blikkies se onderkante vooraf by die huis oopgesny word en die leë skoon blikke saamgebring word om op te oefen.

## Aanbieding

Vereiste 4 en 5. Eet saam met die jeuglede by die tafel wat hulle gedek het sodat hulle die korrekte gebruik van eetgerei en goeie tafelmaniere prakties kan toepas. Onthou die tafelgebed. Kinders hou van teepartytjies en daar kan van 'n regte teepot gebruik gemaak word, asook geskikte eetgoed wat daarby pas.

Vereiste 6. Maak seker dat elke jeuglid hiermee help. Laat hulle wasvadoeke, sponsies en afdroogdoeke saambring.

Vereiste 7. Demonstreer prakties, met die nodige hulpmiddels, hoe om 'n snywond te behandel. Onthou ook om die nodige noodhulptassie byderhand te hou.

## Hulpbronne

1. Pragtige kinderkookboeke is beskikbaar asook aanlyn idees.

E-pos enige voorstelle of kommentaar oor die spesialisasie aan hoofkantoor@voortrekkers.co.za.